DEEL 117 | WEEK 34 | 22 Augustus 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Hof dwing Ngwathe-raad uit

## *Administrateur neem oor*

Die Vrystaatse Hooggeregshof het op 19 Augustus 2025 die Ngwathe Munisipaliteit, sy munisipale bestuurder en die munisipale raad se aansoek om verlof tot appèl van die hand gewys. Dit beteken dat die hof se vroeëre bevel van 20 Junie steeds van krag bly: die provinsiale regering moet ingevolge artikel 139 van die Grondwet ingryp, die raad ontbind en 'n administrateur aanstel om die gemeente se belange waar te neem.

**Administrateur neem beheer oor**

Die administrateur sal die volmag hê om die raad se funksies oor te neem totdat nuwe plaaslike verkiesings gehou word. Die provinsiale regering is verplig om 'n herstelplan vir die finansiële en bestuurskrisis te implementeer, asook tydelike begrotings- en inkomstemaatreëls goed te keur. Die hof het voorts bepaal dat die provinsie elke drie maande aan die hof verslag moet doen oor die vordering van dié ingryping.

**Geen salarisse of voordele vir raadslede**

Vir die huidige raadslede het die uitspraak groot gevolge: sodra die provinsie die ontbinding formeel implementeer, verloor alle raadslede hul ampte, salarisse en voordele. Hulle mag nie verder besluite neem of as volksverteenwoordigers optree nie, aangesien die administrateur die volle besluitnemingsbevoegdheid oorneem.

**Oorsaak: jare van wanbestuur**

Regter J.P. Daffue het uitdruklik gestel dat die omvang van Ngwathe se finansiële wanbestuur, diensleweringskrisisse en onvermoë om basiese dienste soos water en vullisverwydering te voorsien, só ernstig is dat provinsiale ingryping nie net geregverdig nie, maar noodsaaklik is. Die hof het ook die raad en bestuur se aansoek met koste van die hand gewys – 'n verdere terugslag wat die belastingbetaler se laste vererger.

**Wat lê voor?**

Binne 90 dae ná die ontbinding moet 'n nuwe munisipale raad deur plaaslike verkiesings aangewys word. Tot dan sal die administrateur namens die inwoners toesien dat die munisipaliteit funksioneel bly en dat basiese dienste herstel word.






# Seven suspects are arrested for possession of suspected stolen property

• *The office of Provincial Commissioner Free State*


Seven suspects aged between 20 and 42 are arrested for possession of suspected stolen property in Zamdela. On Monday, 18 August 2025, at about 14:45, the Fezile Dabi District Trio Task Team and Sasolburg K9 received information about a white Toyota Fortuner suspected to be involved in house breakings around Heilbron, heading towards Zamdela on the R57.

The members swiftly followed the information and managed to stop the vehicle on the R57 near Vyandsvlei. Upon stopping the vehicle, the police found seven occupants, and when interviewed, they could not give an explanation about the items in the vehicle.

The suspects were arrested, and the vehicle and items were seized. The seven suspects are expected to appear before the Sasolburg Magistrate Court soon on charges of possession of suspected stolen property.

Enquiries:
Sergeant Josephine Rani
079 499 6165.





# Uit die Pen:



## Week 34

Woorde. Het jy al gedink hoeveel woorde jy per dag gebruik? Ek is seker party mense se kwota is hoër as ander s'n. En natuurlik sal mans sê dat vrouens meer praat, wat reg is. Vrouens moet meer woorde gebruik, want mans luister nie altyd die eerste keer nie. Toemaar, dis net my eie seksistiese grappie.

Ek sê gewoonlik net wat ek sê sonder groot omhaal van woorde. Ek kan my verstom aan mense wat tot in die diepste detail iets kan verduidelik. Ek is van mening dat jy om 'n verduideliking sal vra indien jy nie verstaan nie.

Ek ken 'n ouerige, geleerde man. Een of twee doktorsgrade, baie kennis. Aanvanklik het ek gedink dat hy ook baie wys is. Maar hy het homself verkeerd bewys. Hy sal 'n vraag vra wat hy doer anderkant gaan haal.

Hy verduidelik eers wat hy dink hy weet. Dan verduidelik hy wat hy dink jy weet. Hy vra dan sy vraag deur kleurryk aan die borduur te gaan. Laastens sluit hy af met 'n samevatting van wat hy dink hy weet en daarna 'n samevatting van wat hy dink jy weet. Dis frustrerend. Jy mag nie halfpad in"chip" met 'n vraag nie, jy moet deurentyd jou kop skud asof jy saamstem of glad nie saamstem nie.

Dan is daar diegene wat verbaal kom verduidelik wanneer jy vir hulle 'n e-pos gestuur het. Hulle sal lank uibrei oor die antwoord. Na vele mondelingse sinne en paragrawe sê hy: Maar ek stuur vir jou 'n e-pos. Jip, dis wat ek gevra het.

Dan is daar woorddiewe. Hulle kom praat lang geselse en dan gebruik hulle al jou kommentaar as terugvoer.

Soms kry ek so krieweling in my ruggraat as hulle so kom verduidelik, want ek weet hoe tydrowend dit is. Aan die ander kant is dit vir die persoon belangrik om dit te deel, en ek moet eintlik gemanierd luister. Tot aan die einde, wat baie ver kan wees.

Dan kry jy die woordestelers. Hulle kom vra iets, en gebruik jou antwoord om hulle beuel te blaas of om dit om te draai en te maak asof hulle die blink gedagte gehad het.

"Hoe dink jy moet ons hierdie aanpak want ek weet glad nie?" My Kollega vra my raad.

"Ek dink ons maak 'n lys van alles wat ons nodig het en werk van daar af. Ons behoort dan 'n goeie prentjie te kry." Sê ek dan.

"Ja, dis presies hoekom ek sê ons moet eers 'n lys kry van alles wat ons nodig het." Sê sy. Maar sy lieg! Sy het nie 'n *koekin kloe* gehad waarvan sy praat nie, en toe steel sy my voorstel en maak of dit haar idee was.

Daarna gaan vertel sy vir almal wat sy uitgedink het. Op hierdie manier het sy talle van ons idees as haar eie toegeëien.

Ons stuur 'n e-pos na een van ons kliënte en vra dat sy die sigblad moet invul en terugstuur. Daar is vier komponente op die sigblad.

Sy stuur 'n e-pos terug met ses paragrawe inligting. Elke paragraaf bestaan uit ten minste vier lang sinne. En elke paragraaf is in 'n verskillende kleur. Hier en daar ook met geel en giggelgroen *geglim (Glim is die mooi woord vir highlight. Ek dink nie mens kan diesefde term gebruik wanneer jy highligths in jou hare sit nie. Verbeel jou: "Ek het glimstepe in my hare laat sit." Dit glim nie vir my reg nie.)*

Iedergeval, sy stuur die ses paragrawe sonder die sigblad.

Ons vra vir haar om die sigblad te stuur. Sy stuur die volgende e-pos: hierdie keer met sewe paragrawe, ses daarvan identies aan die eerste e-pos. Die sewende paragraaf verduidelik hoekom die sigblad nie aan die eerste e-pos geheg was nie.

Ons reaksie: "Dankie vir die sigblad."

Daar is ook diegene wat jou antwoorde gebruik, en erkenning gee, maar op die verkeerde manier.

Sy fluister langs my: "Wat dink jy van hierdie voorstel?" Ek dink 'n oomblik na. "Ek dink nie dit gaan werk nie. Dalk moet ons eerder fokus op a, b en c.:

Haar hand skiet dan op en sy klap haar vingers soos 'n graad 4 leerder wat die antwoord ken.

"Meneer, Ronel sê dat sy nie saamstem nie." Ag, my liewe hemel, Genis, dink ek. Volgende keer sit ek langs iemand anders.

Dan is daar die deursneepersoon wat die meeste van sy kwota mooi woorde teen einde van September klaar gebruik. Hulle is baie gemanierd in die manier hoe hulle 'n e-pos skryf (en span soms ChatGPT in) sonder om iemand aanstoot te gee. Hulle praat saggies oor die foon en kommunikeer soos 'n mens met goeie maniere. Maar. As jy klaar jou kwota mooi woorde vir die jaar gebruik het, het jy probleme.

Dis hoekom daar mense is wat net lelike, vloekerige woorde oor het vanaf Oktober. Mense dink dis omdat iemand kwaad is, dis diè dat hulle so vloek, maar dis nie die waarheid nie. Hulle vloek omdat die ander, mooier, woorde klaar uit die kwota is.

Ek wens vandag twee dinge: dat ons minder aanstoot sal neem wanneer iemand met ons praat. My gryse ou pa het altyd gesê dat die Swanepoels se nerwe baie dun is. Ons strip sommer wanneer ons te na gekom voel. Dus praat ek nou hier met myself. Dalk met jou ook.

Dit het seker ook al met julle gebeur wanneer jou opinie gevra word, en jy dit gee. Dan reageer iemand met: "Don't judge me!"

Maar aarde, ou perd, jy het my dan om 'n opinie gevra. Ek verstaan nie.

Tweedens wens ek dat ons almal 'n ekonomiese taalvaardigheid moet aanleer. Gesprekke is goed en wonderlik op sy tyd. Maar wanneer daar lang uitgerekte stories is, veral in die werksplek, mors dit geweldig baie tyd.

My weeklikse kwota woorde is nou klaar.

# OK Foods sluit deure vir Shoprite

## *Groot kruidenierskuif in Heilbron – nuwe winkel open binne weke*

**HEILBRON** – 'n Groot verandering wag vir inwoners: OK Foods Heilbron sluit op 31 Augustus 2025, en binne twee weke daarna open Shoprite sy nuwe tak in dieselfde gebou.

Die gebou, asook die OK Foods-winkel, was in besit van dieselfde eienaars. Na deeglike oorweging en gesprekvoering met Shoprite is besluit om die OK Foods-bedrywighede te beëindig en die gebou aan Shoprite Holdings te verhuur. Volgens Jaap Lee, woordvoerder van die eienaarsgroep, hoef die gemeenskap nie bekommerd te wees oor die verandering nie.

"Shoprite bring billike pryse en 'n groot verskeidenheid produkte na Heilbron. Dit is 'n ontwikkeling wat die dorp net kan bevoordeel," sê hy. Verder het Shoprite Holdings die afgelope jare 'n sterk strategie ontwikkel om sy teenwoordigheid in plattelandse dorpe te versterk. Die onderneming glo dat gemeenskappe soos Heilbron belangrik is vir langtermyn groei. Tog word ook erken dat die mark in die dorp te klein is vir nog 'n groot rolspeler in die kruideniersbedryf – 'n realiteit wat die eienaars se besluit beïnvloed het om die perseel aan Shoprite te verhuur. Hoewel die vorige eienaars nie meer as franchisenemers in die nuwe winkel betrokke sal wees nie, beklemtoon hulle dat hulle steeds – as beleggingsmaatskappy en verhuurders van die gebou – hul betrokkenheid by die gemeenskap sal behou.




# Lang Asem vir Jesus!

Ons harte is seer en ons trane baie na die afsterwe van Amanda Leeb op Sondag, 17 Augustus. Die Here het haar en haar familie versterk deur moeilike tye in so mate dat die medici haar as 'n wonderwerk beskou het wat nog nooit voorheen waargeneem is nie, Amanda was geassisteer deur 'n ventilator vir meer as 11 jaar. Sy laat haar man Emile, twee seuns (Erich en Stephanus), ma, Stien Crous, suster Ina Uys en kleinkinders agter. Haar liefde en omgee leef steeds voort in menigte inwoners van Heilbron se harte. Die teraardebestelling is 09:30 Donderdag, 28 Augustus te Vegkop begraafplaas en kerkdiens 11:00 vanuit die NG Moedergemeente.

# In liefdevolle herinnering



*Die troosdiens van Oom Koos Dreyer het plaasgevind op Woensdag, 20 Augustus 2025 vanuit die Heilbron Moedergemeente. Innige meegevoel aan Riaan en familie in hierdie tyd van afskeid.*



*Hannes Bredenkamp (81) van die plaas Louis Rust, Heilbron is Dinsdag, 19 Augustus oorlede. Hy het sy lewe lank in die Heilbron distrik geboer. Die teraardebestelling vind plaas Vrydagoggend, 22 Augustus om 09:00 by die Heilbron Begraafplaas. Die familie bedank almal vir hulle ondersteuning en gebede die afgelope tyd.*



# Phitshana Shines during Cross Country

Phitshana Public School recently showcased its sporting talent at the District Cross Country Competition, where several learners delivered outstanding performances and made their school proud.

Leading the team was Phakela Thabiso, who sprinted his way to an impressive 2nd position, earning a silver medal. Close behind was Phakela Vuyo, who secured 3rd position and proudly brought home a bronze medal.

Other learners also demonstrated great determination and skill:

Mthambo Nothando finished 4th and received a certificate.

Mabale Katleho, Mafokase Reanetswe, and Mphasane Katleho each achieved 5th position in their categories, also receiving certificates for their excellent performances.

The school extends its gratitude to the dedicated teachers who trained and supported the athletes: Me Sejake M.L., Me Tladi M.S., Me Leemisa, and Mr M.S. Mkhwanazi. Special thanks also go to the Deputy Principal, Me M.M. Mkhwanazi, and the Principal, Mr W.T. Mokoena, for their continuous encouragement and leadership.



# Phitshana Excel in Public Speaking

Phitshana Public School is beaming with pride after two of its learners achieved outstanding success in the recent District Public Speaking Competition.

Representing the school with confidence and excellence, Tshosane Mokoena, a Grade 7 learner, stunned the audience and adjudicators by securing first position overall. His remarkable performance earned him a floating trophy, a trophy, a certificate, gold medal, and the prestigious title of Best Speaker. What makes this achievement even more noteworthy is that Tshosane competed against learners from Grade 8 and Grade 9 in secondary schools, yet still emerged as the top speaker.

Alongside him, Unako Ndlovu also showcased exceptional talent, achieving third position. Unako proudly brought home a trophy, bronze medal, and a certificate, ensuring that Phitshana continues to shine at the highest levels.

Both Tshosane and Unako will now represent the district at the Provincial Public Speaking Competition, where they will once again demonstrate their skills and hard work.

The learners' success is a reflection of the dedication and guidance of their committed mentors. Me Yekwa Thandiwe, who served as their trainer, together with English teachers Me Khumalo and Me Ndlovu, played a vital role in preparing the learners for the competition.

Principal WT Mokoena expressed his pride and gratitude, commending the learners and teachers for their teamwork and determination.



*On the photo: WT Mokoena (Principal), Tshosane Mokoena, Unako Ndlovu, Me Yekwa Thandiwe (Trainer), Me Khumalo (English teacher) and Me Ndlovu (English teacher).*






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Vrouemaand: Die Rol van Maatskaplike Werkers in die Bemagtiging van Meisies en Vroue*

***• Deur 'n Maatskaplike Werker se Oë (Elmarie Els-Hammann)***

Augustus is in Suid-Afrika bekend as Vrouemaand — 'n tyd waarin ons die krag, deursettingsvermoë en bydraes van vroue vier. Maar dit is ook 'n tyd vir refleksie: oor die struikelblokke wat vroue steeds in die gesig staar en die rol wat gemeenskappe speel in hul ondersteuning. As maatskaplike werkers sien ons daagliks die impak van trauma, mishandeling, armoede en ongelykheid op vroue en meisies — maar ons sien ook hul ongelooflike veerkragtigheid en vermoë tot groei.

Een van die belangrikste maniere waarop maatskaplike werkers vroue bemagtig, is om hulle te help om hul stem terug te kry — veral ná ervarings van mishandeling, verwerping of verwaarlosing. In veilige en ondersteunende sessies word vroue en meisies aangemoedig om hul stories te deel, hul pyn te verwerk en hul eie waardigheid weer te ontdek. Dit is in hierdie ruimte waar heling begin, en waar 'n gevoel van selfwaarde en selfvertroue stadig herbou word.

Trauma is nie altyd sigbaar nie. Dit leef dikwels stilweg in die emosies en gedrag van vroue — in angs, depressie, skuldgevoelens en 'n gevoel van minderwaardigheid. As maatskaplike werkers gebruik ons terapeutiese benaderings en beradingstegnieke om vroue te help om hul trauma te verwerk, te verstaan, en gesonde maniere te vind om daarmee saam te leef. Dit is 'n proses wat tyd neem, maar wat uiteindelik lei tot innerlike vryheid en selfbemagtiging.

Ons werk nie net met pyn nie — ons werk met potensiaal. Elke vrou en meisie het die vermoë om meer as net te oorleef — om te floreer. Maatskaplike werkers ondersteun hul ontwikkeling deur lewensvaardigheidprogramme, groepsessies, mentorverhoudings en verwysings na verdere hulpbronne soos onderwys, beroepsopleiding en gesondheidsorg. Selfs eenvoudige stappe, soos die opstel van 'n CV of die bywoning van 'n ondersteuningsgroep, kan vir 'n vrou die eerste tree wees na 'n nuwe lewe.

Die bemagtiging van vroue is nie net die werk van maatskaplike werkers nie — dit is 'n gemeenskapsaak. Wanneer skole, families, geloofsgemeenskappe en instansies saamwerk om vroue en meisies te ondersteun, skep ons 'n omgewing waar elke vrou veilig voel, gesien word en geleenthede het om te groei.

Vrouemaand herinner ons aan die waarde van elke vrou se storie, en aan die belangrikheid van die werk wat agter die skerms plaasvind om daardie stories 'n positiewe wending te gee. As maatskaplike werkers is dit ons voorreg om deel te wees van hierdie pad van heling en groei — en om elke dag te sien hoe seer harte weer sterk word.

Indien jy of iemand wat jy ken ondersteuning benodig, kontak gerus ENGO Gesinsorg Heilbron by 058 110 0167 of besoek www.engo.co.za




PETRUS STEYN

VAKATURE BESKIKBAAR

ASSISTENT - WINKELBESTUURDER

**Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:**

- Rekenaarvaardigheid
- Ervaring van personeelbestuur
- Ervaring van Kleinhandel (Retail)
- Gemotiveerd en in staat om onafhanklik te kan funksioneer.

Aangename werksomstandighede en 'n mededingende salaris word aangebied.

**CV's kan gestuur word na:** admin7@okbultfontein.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 23 Augustus 2025




# August Breastfeeding Month

• ***Heilbron Clinic***

**WHAT DO WE WANT?**
Exclusive breastfeeding + nothing but breast milk
Breast milk can be given by direct feeding from Mom by expressed pumped milk
Breast milk is the best milk for baby
Baby does not need any other food, drink until 6 month

**WHO CAN/SHOULD BREASTFEED?**
All mothers who can, should breastfeed their babies no matter the HIV status
**When do I start feeding and know baby is hungry?**
Start soon as possible after birth (with 30 min)
Fee on demand
• Breastfeed whenever baby is hungry
• Feed whenever baby wants to for as long as baby wants
• Feed 8-12 times / day
Feed during day and night

**HOW DO I DO THIS?**
**Tips & Tricks for successful breastfeeding**
• Start as soon as possible after birth - put baby on breast in skin-to-skin contact
• Feed on demand - the more you feed the more milk you body will make
• NB to feed at night as this increases milk production
• Exclusive breastfeeding - nothing but breast milk for the first six months, then start food.
• Continue breastfeeding for as long as you want to
Recommendation: up to 2 years and beyond.
• Eat healthy foods and drink lots of clean water
• **Do Not:**
Smoke
Drink alcohol
Let your breasts become swollen
Wear tight bras
Take any medication / herbal remedies that is not approved by you doctor.

**BREASTFEEDING BENEFITS**
Why should I Breastfeed?
Breast milk has all the nutrients your baby needs to grow well and be healthy.
Baby's tummy is not yet ready for other food/drinks before 6 months.
• **B =** Best for baby
• **R =** Reduces allergies / asthma / eczema
• **E =** Economical (no costs)
• **A =** Antibodies (protects baby = strong immunity)



• **S =** Stools - no bad smell / constipation / safe
• **T =** Temperature is ideal
• **F =** Fresh milk
• **E =** Emotional bonding
• **E =** Ecological sound / Enough!
• **D =** Digested easily
• **I =** Immediately available
• **N =** Nutritionally optimal - has everything your body needs
• **G =** Gastrointestinal benefits - protects gut/tummy

**BENEFITS FOR COMPANIES**
Mommy is more productive due to less stress
Happy mommy = happy and more loyal employee
Mom stays with company = less training of new staff
Lower costs of healthcare

**BENEFITS FOR MOMMY**
Bonding!
Helps with weight loss + recovery after birth
Hormones helps calm mommy
Lower risk for breast cancer
Convenient - no preparation
Save money

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald, kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




## Phitshana Public School Excels in Public Speaking Competition



Phitshana Public School continues to make strides in academics and co-curricular activities, this time proving its excellence in the District Public Speaking Competition.

Two of the school's talented learners delivered outstanding performances:

Tshosane Mokoena secured an impressive 2nd position, earning recognition for his eloquence and confidence.

Unako Ndlovu followed closely behind, taking 3rd position and proudly representing the school.

The learners' achievements are the result of dedicated guidance and mentorship from their teachers. In the photo (from left to right) are: Me Ndlovu (English teacher), Tshosane Mokoena, Me Yekwa Thandiwe (trainer), Unako Ndlovu, Me Khumalo D.A. (English teacher), and Me Y.M.M. Mokoena (Departmental Head).

Principal W.T. Mokoena commended the learners and staff for their teamwork and commitment, highlighting that their success serves as inspiration for the entire school.

Phitshana Public School wishes Tshosane and Unako continued growth and success as they prepare for the upcoming rounds.

# AfriForum eis antwoorde oor jarelange geslote lisensiekantoor in Heilbron

• *AfriForum*

AfriForum se Heilbron-tak doen 'n dringende beroep op die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit om duidelikheid te verskaf oor die voortslepende sluiting van die lisensiekantoor in Heilbron. Die kantoor is reeds sowat vyf jaar buite werking nadat rekenaartoerusting na bewering gesteel is.

Luidens 'n brief wat AfriForum vandag aan die munisipaliteit gerig het, kan inwoners sedertdien geen bestuurs-, leerling- of voertuiglisensies in Heilbron uitneem nie en word hulle gedwing om na ander dorpe te reis vir hierdie dienste. Volgens AfriForum het dit groot koste-implikasies vir die gemeenskap. Ondernemings met 'n vloot voertuie moet byvoorbeeld met al die voertuie na ander dorpe reis om die voertuie deur die toets te kry, wat nie net tydrowend is nie maar ook finansieel onhoudbaar is.

AfriForum sê voorts dat hierdie situasie nie net 'n negatiewe uitwerking het op inwoners nie, maar ook lei tot 'n aansienlike verlies aan inkomste vir die Ngwathe-munisipaliteit self, aangesien lisensiefooie elders betaal word.

AfriForum het ook kennis geneem van gerugte dat die gesteelde rekenaars reeds lankal vervang is. Die vraag bly dus waarom die kantoor steeds nie funksioneer nie en of die personeel wat vir dié werk aangestel is, steeds op die betaalstaat verskyn sonder om hul pligte na te kom.

AfriForum verwag 'n vinnige en deursigtige antwoord van die munisipaliteit oor die redes vir die vertraging, sowel as 'n tydraamwerk vir wanneer die lisensiekantoor weer volledig operasioneel sal wees.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is dit net nog 'n voorbeeld van die swak diens wat die Ngwathe-munisipaliteit lewer. Wat die saak vererger, is dat dit duidelik nie hul doel is om die gemeenskap te dien nie maar ook dat 'n geleentheid om 'n inkomste te verdien, bloot nie aangegryp word nie.

## Shea Calitz toegelaat as Prokureur van die Hooggeregshof



Op Vrydag, 15 Augustus 2025, het Shea Calitz 'n belangrike mylpaal bereik toe sy as prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat is — 'n droom wat sy al jare lank gekoester het. Haar familie, kollegas en mentors was trots teenwoordig om dié spesiale geleentheid saam met haar te vier.

Sy het haar LLB-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) verwerf en haar praktiese regsopleiding voltooi onder Esthé Muller by die firma Esthé Muller Prokureurs. Tans is sy verbonde aan die firma Phillip van der Merwe en Vennote Ingelyf in Heilbron.

"Dit was 'n voorreg om my praktiese regsopleiding onder Esthé Muller se toesig te kon voltooi en by 'n firma te wees waar ek soveel geleer en gegroei het, beide professioneel en persoonlik" het sy na afloop van die verrigtinge gesê.

Shea sien daarna uit om haar loopbaan met toewyding, integriteit en professionaliteit voort te bou, en om 'n betekenisvolle bydrae tot die regsberoep en die gemeenskap te lewer.






Jaar-beplanner 2025

**SEPTEMBER**
**• 17 Sept. Huis- & Tuinbouklub**

**OKTOBER**
**• 15 Okt. Huis- & Tuinbouklub**

**NOVEMBER**
**• 19 Nov. Huis- & Tuinbouklub**









# Balle rol by HBA - Vleisfees

Die naweek van 9 en 10 Augustus het die rolbalklub sy jaarlikse "Vleisfees"-kompetisie met groot sukses aangebied. Twaalf spanne, vanaf Harrismith tot Vanderbijlpark, het kragte gemeet vir die heerlike vleispryse wat ruimhartig deur HBA geborg is.

Die kompetisie het oor twee dae afgespeel, met 'n gesellige kuier op die Saterdagaand wat die geleentheid ekstra spesiaal gemaak het. Op Sondag is die spanning tot die laaste wedstryde volgehou, waar die beslissende oomblikke die wenners uitgewys het.

Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat die klub hierdie fees aanbied, en dit het reeds 'n vaste plek op die rolbalkalender verwerf. Die klub spreek sy opregte dank uit teenoor HBA vir hul ondersteuning, wat dit moontlik gemaak het om die kompetisie met trots en styl aan te bied.



*WENNERS: Op die foto vl: Edward (Heilbron), Helga, Adri, Kobus en Willie van Harrismith.*



*TWEEDE: Op die foto vl: Edward (Heilbron), Tinus, Jan Harm, Jim en Johan van Vanderbijlpark.*



*DERDE: Op die foto vl: Edward (Heilbron), Chris, Leoni, Alta en Derek van Kroonstad.*

# Heilbron Posduifklub

Op Saterdag, 16 Augustus 2025, het die Heilbron Posduifklub weer sukses onder hul vere gehad. Hierdie keer het die 6 Lede en 64 duiwe vanaf Beaufort Wes gevlieg. Wedvlug een se duiwe is om 07:41 vrygelaat met onweer omstandighede en 'n noordelike wind wat gewaai het, is die wenduif van OJS Hokke is die volgende oggend om 07:16:38 in Heilbron geklok. Met 'n wen marge van 27 minute is tweede plek deur Zenith Lofts geneem. Die duiwe se netto vliegtyd was 11 Ure; 27 Minute en 39 Sekondes.

**Top uitslae is as volg:**

1. OJS Hokke
2. Zenith Lofts
3. Cilliers en van Vuuren
4. OJS Hokke
5. Zenith Lofts
6. Peet van Zyl
7. Zenith Lofts
8. Cilliers en van Vuuren
9. Cilliers en van Vuuren
10. Peet van Zyl

Wedvlug twee se duiwe is stiptelik om 08:10 vrygelaat en is die wenduif hierdie keer van Zenith Lofts die volgende oggend om 07:50:09 geklok. Eerste plek gaan aan Zenith Lofts en een uur en 10 minute late is tweede plek deur Peet van Zyl ingepalm. Netto vliegtyd vir groep twee se duiwe 11 ure; 32 minute en 10 sekondes.

**Top uitslae is as volg:**

1. Zenith Lofts
2. Peet van Zyl
3. Zenith Lofts
4. Zenith Lofts
5. Peet van Zyl
6. OJS Hokke
7. Cilliers en van Vuuren
8. OJS Hokke
9. Peet van Zyl
10. OJS Hokke






## PUBLIC PARTICIPATION SCHEDULE FOR SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK REVIEW

Ngwathe

| Town | Date | Time | Audience | Venue |
|---|---|---|---|---|
| Parys | Tuesday, 26 August 2025 | 14h00 | Stakeholders | Forum Building |
| Parys | Tuesday, 26 August 2025 | 16h00 | Community | Forum Building |
| Parys | Tuesday, 26 August 2025 | 16h00 | Community | Schonkenville Community Hall |
| Parys | Wednesday, 27 August 2025 | 16h00 | Community | Master Nakedi Sports Centre |
| Parys | Wednesday, 27 August 2025 | 16h00 | Community | Fezile Dabi Stadium |
| Heilbron | Thursday, 28 August 2025 | 14h00 | Stakeholders | Thusong Multi-Purpose Centre |
| Heilbron | Thursday, 28 August 2025 | 16h00 | Community | Sandersville Community Hall |
| Heilbron | Thursday, 28 August 2025 | 16h00 | Community | Thusong Multi-Purpose Centre |
| Koppies | Tuesday, 02 September 2025 | 14h00 | Stakeholders | Kwakwatsi Hall |
| Koppies | Tuesday, 02 September 2025 | 16h00 | Community | Kwakwatsi Hall |
| Vredefort | Wednesday, 03 September 2025 | 14h00 | Stakeholders | Mokwallo Multi-Purpose Community Centre |
| Vredefort | Wednesday, 03 September 2025 | 16h00 | Community | Mokwallo Multi-Purpose Community Centre |
| Edenville | Thursday, 04 September 2025 | 14h00 | Stakeholders | N.G. Kerk |
| Edenville | Thursday, 04 September 2025 | 16h00 | Community | N.G. Kerk |

APPROVED BY: DR. F.P. MOTHAMAHA MUNICIPAL MANAGER

# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald, kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Herald

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

VORM JJJ

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaart van Eiendomsreg **TE 9691/1994** gepasseer deur PHIRITONA DORPSRAAD ten gunste van ANDRIES TLADI Identeitsnommer 490806 5605 08 1 en ELIZABETH TLADI GEBORE 28 AUGUSTUS 1949, Getroud Binne Gemeenskap van goed met mekaar ten aansien van sekere ERF 2121, PHIRITONA, DISTRIK HEILBRON PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 524 (VYF HONDERD VIER EN TWINTIG) vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: VRYSTAAT te BLOEMFONTEIN binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te HEILBRON op hede die 18 de Augustus 2025.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

TE HUUR

**WEIDING TE HUUR:** (R1000/Ha/Jaar plus BTW = Jaar 1) **LANDE TE HUUR:** (R1500/Ha/Jaar plus BTW = Jaar 1). Binne 50Km radius vanaf/rondom Heilbron. 3 Jaar TERMYN. ESKALASIE 6%. HUUR vooruitbetaalbaar JAARLIKS. 1ste Jaar se HUUR betaalbaar voor/op Vr.12/09/2025. 307Ha en 176Ha WEIDING nog beskikbaar. 119Ha en 141Ha LANDE ook nog beskikbaar. Alle LANDE Hektare chemies reggestel tov Kalk (pH), N, P en K. Alle WEIDING Hektare in voldoende KAMPE verdeel MET meer as voldoende WATER in AL die KAMPE. Dui ASB belangstelling aan per WhatsApp (0603976380) of Epos (agenbagsalltrade@gmail.com) teen laatste Vr. 29/08/2025. Kontraktering tussen VERHUURDER en HUURDERS sal geskied tussen Ma. 01/09/2025 en Vrydag 05/09/2025. HUURDERS verkry WEIDING / LANDE na BETALING (12/09/2025) en VANAF Vrydag 26/09/2025 (14 Dae LATER). Jaar 1 = 26/09/2025 tot 31/08/2026. Jaar 2 = 01/09/2026 tot 31/08/2027. Jaar 3 = 01/09/2027 tot 31/08/2028. TELPOORT BOERDERY PTY LTD (Riaan Agenbag)

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Sonja Muller 081 849 1877

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**NOTICE IN TERMS OF SECTION 49 OF AN APPLICATION SUBMITTED IN TERMS OF 16.(2)(a)(ii) AND 16.(3)(a) OF THE NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY MUNICIPAL LAND USE PLANNING BY-LAW, 2018, IN RESPECT OF ERF 50 HEILBRON.**

I, Mr. C.F. de Jager of Pace Plan Consultants, being the authorised agent of the owner of Erf 50 Heilbron, situated on 39 Paradys Street, corner of Paradys and Steil Streets, Heilbron, hereby give notice in terms of Section 49 of the Ngwathe Local Municipality Municipal Land Use Planning By-Law, 2018, that I have applied to the Ngwathe Local Municipality for the amendment of the Ngwathe Land Use Scheme, 2022, in terms of Section 16.(2)(a)(ii) and 16.(3)(a) of the Ngwathe Local Municipality Municipal Land Use Planning By-Law, 2018, by the rezoning of Erf 50 Heilbron from "Residential 1" to "Business 1" for funeral establishment, mortuary, shops and place of refreshment and telecommunication infrastructure, with a coverage of 50%, height of 1 storey and F.A.R. of 0.5.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Ngwathe Local Municipality, Senior Town Planners, 2 Allenby Street, Parys, for 30 days from date of first publication. Any person, who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof, together with the reasons therefore, must lodge the same in writing to the Municipal Manager, at the above-mentioned address, or email to: qalin@ngwathe.co.za, within 30 days from date of first publication. Any person who cannot write may during office hours come to 2 Allenby Street, Parys, office of the Senior Town Planners, where a staff member will assist those persons by transcribing their objections, comments, or representations. A person who submits objections, comments or representations will be notified if a hearing will be held in respect of the application. Closing date for any objections: 23 September 2025
Address of the agent: Pace Plan Consultants, 70A Chopin Street, Vanderbijlpark SW 5, 1911, Tel: 0834465872, christo@paceplan.co.za
**DATE OF FIRST PUBLICATION:** 22 AUGUST 2025

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 49 VIR DIE AANSOEK INGEDIEN INGEVOLGE ARTIKEL 16.(2)(a)(ii) EN 16.(3)(a) VAN DIE NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT MUNISIPALE GRONDGEBRUIKS BEPLANNING VERORDENINGE, 2018, TEN OPSIGTE VAN ERF 50 HEILBRON.**

Ek, Mnr. C.F. de Jager van Pace Plan Consultants, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 50 Heilbron, geleë te Paradysstraat 39, hoek van Paradys- en Steilstrate, Heilbron, gee hiermee ingevolge Artikel 49 van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit Grondgebruiks Beplanning Verordeninge, 2018, kennis dat ek by die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Ngwathe Grondgebruikskema, 2022, in terme van Artikel 16.(2)(a)(ii) en 16.(3)(a) van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit Grondgebruiks Beplanning Verordeninge, 2018, deur die hersonering van Erf 50 Heilbron vanaf "Residensieel 1" na "Besigheid 1" vir begrafnisonderneming, lykshuis, winkels en verversingsplek en telekommunikasie-infrastruktuur, met 'n dekking van 50%, hoogte van 1 verdieping en V.O.V. van 0.5.

Alle relevante dokumente met betrekking tot die aansoek sal gedurende normale kantoorure by die kantoor van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, Senior Stadsbeplanners, 2 Allenbystraat, Parys, vir 30 dae vanaf die datum van eerste publikasie ter insae lê. Enige persoon wat beswaar wil maak teen die aansoek of vertoë in verband daarmee wil indien, tesame met die redes daarvoor, moet dit skriftelik by die Munisipale Bestuurder by die bogenoemde adres indien, of per e-pos aan qalin@ngwathe.co.za, binne 30 dae vanaf die datum van eerste publikasie. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan gedurende kantoorure na die kantoor van die Senior Stadsbeplanners, 2 Allenbystraat, Parys, kom, waar 'n personeellid daardie persone sal bystaan deur hul besware, kommentaar of vertoë neer te skryf. 'n Persoon wat besware, kommentaar of vertoë indien, sal in kennis gestel word of 'n verhoor met betrekking tot die aansoek gehou sal word. Sluitingsdatum vir enige besware: 23 September 2025
Adres van die agent: Pace Plan Consultants, Chopinstraat 70A, Vanderbijlpark SW 5, 1911, Tel: 0834465872, christo@paceplan.co.za
**DATUM VAN EERSTE PUBLIKASIE:** 22 AUGUSTUS 2025

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**


**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD


## Kransfontein Resiesduif Klub



Op Saterdag 16 Augustus 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Drie Susters gevlieg. Die duiwe is om 07:15 gelos en die wen duif is om 16:34 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 688 kilometers. 8 Lede en 228 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 2
2. Spartan Pigeons 2
3. Morgenzon Lofts A
4. Spartan Pigeons 2
5. Heine Hokke
6. Spartan Pigeons 1
7. Morgenzon Lofts A
8. Morgenzon Lofts B
9. Inkwe Loft
10. Morgenzon Lofts B

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Drie Susters af. Die duif wat gewen het is in Februarie 2025 geteel deur Spartan Pigeons 2 wat 'n puik prestasie.



*Op die foto is Riaan Kriel en Handro Swart van Spartan Pigeons 2 met die wenduif 106 wat Februarie 2025 geteel is.*







WINKEL-URE

**Maandae tot Donderdae:**
07:30 - 17:00

**Vrydae:**
07:30 - 16:30

**Saterdae:**
08:30 - 13:00

Herald Office National

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 25 AUGUSTUS 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

REITZ-OOS Jaarlikse vetvee veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

GILEAD 2-maandelikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**DINSDAG - 26 AUGUSTUS 2025**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

ANYSSPRUIT Kwartaalikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DISTRIK VREDE: WO BEEFMASTERS GENETIKA VEILING
11:00, plaas Uitkyk
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 27 AUGUSTUS 2025**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

MIDDELBURG: RIVERGLEN WILDLIFE BEEFMASTERS & BRAHMANE
Beefmaster, Brahman, Chabray veiling
11:00, plaas Mooifontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 28 AUGUSTUS 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

NYLSTROOM Twee-weeklikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

DAVEL: WILLIAMS, HINZE & ODENDAAL SANTA GERTRUDIS
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**VRYDAG - 29 AUGUSTUS 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA TELERSGROEP
11:00, Auction Centre
Kontak Nantus Davel 082 616 8838

**SATERDAG - 30 AUGUSTUS 2025**

KROONSTAD: EFFICIENT GENES SUFFOLK PRODUKSIEVEILING
11:00, Bloekombos trou venue
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**